Moontlike Antwoorde November - 2004

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

---

## VRAAG 1
## BUSRIT IN DIE AAND

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | ploeg/stormsee. | (1) |
| 1.2 | Hulle is moeg gewerk. | (1) |
| 1.3.1 | Die eerste en tweede reëls is omgeruil in strofe 6 /<br>Die woord "elk" word met 'n kleinletter geskryf/<br>Daar kom nie komma voor in r. 1, strofe 1 nie.<br>Reël 1 begin met 'n hoofletter; reël 16 begin met 'n kleinletter. | (1) |
| 1.3.2 | Dit gee 'n geslotenheid / afgerondheid aan die gedig/<br>'n sikliese effek word hierdeur verkry/<br>suggereer dat werkers vasgevang is in die bus.<br>Die proses hou aan; die herhaling bind die gedig tot 'n eenheid / beklemtoon moegheid van werkers / Atmosfeer bly dieselfde. | (1) |
| 1.4 | jammerlik. | (1) |
| 1.5 | Vaartuig | (1) |
| 1.6 | Nee.<br>R. 9 verwys na die werkers, en spreker en metgesel (alle passasiers);<br>r. 13 verwys na die spreker en metgesel. | (2) |
| 1.7 | Hy kommunikeer met iemand en is opgewonde teenoor die werkers wat onbetrokke aan mekaar is. / Die paartjie is verlief. | (1) |
| 1.8 | Die ellips suggereer dat die beweging voortgaan. / Suggereer glybeweging. | (1) |
| 1.9 | Die moeilike gang van die bus. | (1) |
| 1.10 | Ja. Hulle word uitgebeeld as moeg, eensaam, onbetrokke, vasgevang in 'n roetine. | (2)<br>**[13]** |

**OF**

## VRAAG 2
## BITTERBESSIE DAGBREEK

2.1 Bitterbessie dui op berou/liefde wat bitter geword het/teleurstelling/ rou/ bitterheid. / Enigiets wat verband hou met 'n verhouding wat verbreek is / iets wat sleg of bitter is / hartseer / bitterheid / ongelukkigheid. (1)

2.2 Soek (1)

2.3 Albei hou verband met pyn/seermaak / Leed laat jou figuurlik verdwaal / Verdwaal in 'n dennebos bring leed. (1)

2.4 Geliefde se leë woorde/leuenwoorde is orals - vars in haar geheue. / Kernwoord: oral (plekgebonde) / aanhoudend / altyd / die hele tyd (1)

2.5 Herhaling van "bitter" / Kernwood: herhaling (1)

2.6 Sluit aan by eggo. . .
Beklemtoon dat sy gekul voel.
Kern: eggo, beklemtoning, uitheffing, inskerping, dui duidelik gevoel van gekul aan. (1)

2.7 sig (sien); hoor (luister) (2)

2.8 Bevestig gebrokenheid van verhouding. / Beklemtoon bitterheid van verhouding. (1)

2.9 r. 3/ 'n spieël het gebreek / <u>Slegs</u> reël 3 moet neergeskryf word. Leerders moet nie net "reël 3" skryf nie. (1)

2.10 Sy voel sy was bedrieg en mislei (1)

2.11 Nee – Daar word "geen antwoord" gegee nie. / Moet <u>Nee</u> antwoord! (2)
**[13]**

**EN**

## VRAAG 3
## HIPPIE

3.1 "gemoeid met reis om homself". / na binne luisterend / reis om homself (1)

3.2 onthou (1)

3.3 Omskryf die handelinge van die hippie/impliseer snelle beweging/ dui progressie (regressie) aan. / Omskryf handelinge / beklemtoon dit wat die hippie <u>doen</u> / skep 'n patroon / skep struktuur / impliseer beweging / dis werkwoorde. (1)

3.4 Verflenter / verwaarloos / bedel. / bedelaar / lui / ambisieloos / buitestaander (1)

3.5 miskien (1)

3.6 Hou verband met die gemoedstoestand van die hippie/hy is verbitterd/het sy omgewing as verbitterd beleef. / Die hippie voel afgeskeep. (1)

3.7 Om modern/byderwets te raak/ hom bemoei met die toekoms. / Hy moet wakker word / hy moet bykom / hy word betrokke / moet inskakel / om op standaard te kom wat in die lewe aangaan / om op te hou om in die verlede te dwaal. (1)

3.8 Verduidelik sy verbeeldingrykheid/dat pofadder in die tuin slegs 'n verbeelde tuin is. / Daar volg 'n verduideliking na die dubbelpunt. (1)

3.9 Oumense se oë en kwaste in hout. / oë en kwaste. (2 of 0 punte) (2)

3.10 Bejammer: Hy word uitgebeeld as verslonste, uitgeworpe / eensame mens OF Bewonder: Dit verg moed om alle konvensies oorboord te gooi en volgens jou eie waardestelsel te lewe. (2 of 0 punte) Leerder móét die antwoord motiveer. (2)
**[12]**

**OF**

**VRAAG 4**
**LIED VAN DIE KINDERS**

4.1 Christus / Die Here / Jesus / God (1)

4.2 Tweede Wêreldoorlog / Vervolging van die Jode / Hitler laat Jode doodmaak (nie net Hitler nie). / Oorlog tussen Duitsers en Jode. (1)

4.3 Nee. Lied word gewoonlik geassosieer met vreugde en blydskap en nie lyding nie.
Ja. Lied hou verband met die jubelende verlossing en genade van Christus.
Ja. Die gedig se bou het kenmerke van 'n lied. (2)

4.4 Vrees (1)

4.5 Verwys na Christus (1)

4.6 opnuut (1)

4.7 Beklemtoon angs, onskuld, hulpeloosheid en wreedheid. / Bangheid / weerloosheid / vrees / magteloosheid / hulpeloosheid / hopeloosheid ... (1)

4.8 Ja. Dis plekke waar wreedhede teenoor kinders gepleeg is. / Ja, dis plekke waar oorlog plaasgevind het. (2)

4.9 Die spreker sal hulle troos
Die spreker sal hulle seën
Jesus sal die kinders troos / genees / beskerm / pyn wegvat ... Die kindertjies word beskerm teen seerkry én genees / kry lief. (Moet 2 redes noem) (2)
**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

# AFDELING B
# DRAMA
# *DIE KEISER*

## VRAAG 5

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Hulle is as ministers belangrik en moet aangekondig word. / Betoon respek / Dis die wag se taak om hul aan te kondig. | (1) |
| 5.2.1 | Humor, hy stel homself amper aan as minister. / Verneder of verlaag ministers / steel die kalklig | (1) |
| 5.2.2 | Hy is 'n soort spioen vir/vertroueling van die Keiser. / Keiser sien self nie alles raak nie. | (1) |
| 5.2.3 | In lewende lywe | (1) |
| 5.3.1 | 'n Soort towerkunstenaar / Towenaar | (1) |
| 5.3.2 | Hy het opgetree as 'n rebelleleier / Hy's die Groen Tier | (1) |
| 5.4 | Die Nar sê dankie, maar eintlik is die verwelkoming aan die ministers gerig en nié aan hom nie. / Verwag dat topamptenare dankie sou sê en nou doen die nar dit. Nar is vermakerig en sarkasties as hy dankie sê, terwyl hy nie welkom is nie. | (2) |
| 5.5.1 | Nee | (1) |
| 5.5.2 | Hy speel saam met die Wewers en probeer om die ministers te beïnvloed. | (1) |
| 5.6 | Dat hy nét die pop sien, want daar is nie klere om oor liries te raak nie. | (2) |
| 5.7 | Hulle voel skuldig oor hulle leuens, want iemand wat 'n bedrieër is, is nie veronderstel om die klere te sien nie. / Hulle weet hulle is onbekwaam. / Hulle is bang hulle word as bedrieërs ontmasker. | (2) |
| 5.8 | Deur hulle toneelspel máák hulle of hulle die klere sien en lieg hulle dus ook. | (2) |
| 5.9.1 | Hy is baie konserwatief/Klere is vir hom sinoniem met beskaafdheid. / Sinonieme van konserwatief. / Hy is gespanne. / Hy raak gou histeries. / Klere is vir hom belangrik. | (1) |
| 5.9.2 | Hulle het vooraf afgespreek om die ministers eers te skok met haar kleredrag. / Hulle wou hom skok en slaag daarin. | (1) |
| 5.10 | Dit sou die Keiser in 'n stralekrans omhul, sodat die mense op hul knieë val en hom eer. / Dit sou die Keiser omhul in 'n stralekrans, omdat dit hom heilig maak. | (2) |
| 5.11 | Dit klink of hier met lof gepraat word oor hulle kleredragstyl, maar dit kan ook suggereer dat hulle styl kaal/leeg is. / Hulle dink die klerestyl is wonderlik, maar eintlik was dit kaal en leeg. | (2) |

5.12 Hy was Lodewyk XIV, 'n Franse koning uit die sewentiende eeu wat bekend was vir sy uitspattige modes/ die sogenaamde "Sonkoning". / Franse koning / Sonkoning (1) wat van uitspattige modes gehou het. (1) (1)

5.13 Die klere is só wonderlik dat hy verstom staan, of hy is geskok omdat hy dit nié kan sien nie. (2)

**[25]**

## VRAAG 6

6.1 As Minister van Buitelandse Sake is dit Diplomaat se verantwoordelikheid om goeie betrekkinge met die buiteland te handhaaf en uit te bou. Hy moet ook buitelandse regeerders uitnooi na die halfeeufeesvierings van die Keiser se regering. Diplomaat is egter méér lojaal aan die ander lande wat hy besoek as aan Ekwator self: hy verkies om húlle klere te dra, want "as jy in Rome is, maak jy soos die Romeine." Ook kritiseer hy die Keiser in sy afwesigheid vir die onpraktiese kleremaatreëls.

Diplomaat is positief ingestel teenoor en betrokke by die opstand wat die Wewers beplan. As verraaier moes hy vooraf sorg dat al die klere waarmee die Keiser in die openbaar sou kon verskyn, verdwyn – die Keiser sal dan genoodsaak wees om die Wewers se "klere" in die optog te dra. Hy is ook deurentyd besig om geloofwaardigheid te verleen aan die Wewers; hy het hulle aan die Keiser voorgestel en is telkens die eerste om iets lofwaardig oor die klere te sê.

Kandidate se eie gemotiveerde mening oor Diplomaat is belangrik, maar dis byna onmoontlik om positief ingestel te wees teenoor hierdie onbetroubare minister. / Leerder kàn positief ingestel wees teenoor Diplomaat (bv. sy logika oor belaglike kleredrag, ens.) (10)

6.2 Die Keiser bedoel dit goed met sy volk. Hy is daarop ingestel dat die hele volk gevoed en geklee moet word soos die amptenare aan sy hof en daarom het hy 'n beskawingsprogram ingestel waarvoor Kultuur hoofsaaklik verantwoordelik is.

Ongelukkig is die Keiser 'n onpraktiese leier wat dit moeilik maak om sy doelwitte te bereik. Hy heg te veel waarde aan uiterlike vertoon soos die kleredrag wat uiteindelik aan sy land die leuse gee: "Die klere maak die man." Ook bekommer hy hom oor nietighede soos die taalgebruik van sy amptenare, maar sake van wesenlike belang, soos die welsyn van sy volk, laat hy oor aan sy ministers wat hom bedrieg. Hy erken later aan die Nar dat hy hom te lank op die oë van ander verlaat het en sélf moet gaan kyk wat gaan aan met sy volk.

Die Nar is deurentyd 'n vertroueling van die Keiser. Voor die optog gee hy aan die Keiser die raad om wel in die optog te stap. Uiteindelik stap die Keiser in 'n amper waansinnige toestand in die optog terwyl hy hom verbeel hy het die Wewers se wonderlike "klere" aan. Anders as wat die Wewers gehoop het, skeur die volk hom nie uitmekaar nie, maar juig hom toe – hulle kan met hom identifiseer omdat hy net so kaal is soos hulle. Die Wewers se hele plan van opstand misluk.

'n Mens kan simpatie hê met die Keiser omdat hy dit werklik goed bedoel het met sy volk en geglo het dat sy ministers sy opdragte getrou sou uitvoer. Aan die ander kant voel jy ook kwaad omdat hy so verskriklik naïef en onprakties regeer. (15)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

## AFDELING C
### ROMAN

### VRAAG 7
***KRINGE IN 'N BOS*** **– Dalene Matthee**

7.1 Toe Saul se ma en suster sterf en hulle die nuus moes wegbring, het hulle vir Oupoot raakgeloop/ Toe Joram sterf, het hy vir Oupoot raakgeloop /Toe Saul siek was in sy skerm, was Oupoot daar / Toe hy en Kate saam was in die Bos het hy vir Oupoot raakgeloop. (2)

7.2 Saul as alleenloper en Oupoot die alleenloper. / Saul en Oupoot. (2)

7.3 Verbasing /skok /verwondering word daardeur aangedui. / Afwagting / onsekerheid / verslaentheid (1)

7.4 Bewondering / Respek / Beklemtoning is foutief. / Ontsag e.a. sinonieme van respek. (1)

7.5 Dis kursief gedruk
Die uitroepteken (2)

7.6 Die hede in die verhaal, die agtervolging van Oupoot deur Saul. (2)

7.7 Hy moes vlug voor Oupoot. / Oupoot het hom byna getrap. (1)

7.8.1 Ja. Die Bos word gepersonifiseer as die slagoffer.
Ja. Die Bos betaal nou met een van sy groot leiers se lewe. (2)

7.8.2 Dit het al voorheen gebeur. / Die Bos is al voorheen beskadig. (1)

7.9 Hy sal nie toelaat dat Freek vir Oupoot skiet nie,
al moet hy tussen Freek en Oupoot staan.
Hy moet Oupoot red (1) van Terblans (1). (2)

7.10 Saul bewonder en is te lief vir Oupoot om toe te laat dat 'n uitroeier soos Freek Terblans hom skiet.
Hy wou Oupoot 'n marteldood spaar. / Hy wil hom nie laat verneder voor 'n ivoorsmous nie. (2)

7.11.1 "werklikheid" / "waarheid" / realiteit. (1)

7.11.2 Nugtere,logiese denke moet gevolg word – nie bygelowe nie. / Weet bygelowe is onsin bv. bloubokkie se gal. (2)

7.12 Hy dink aan sy vertrek na Kaapstad met hierdie skip.
Hy wou vlug (1) met 'n skip (1) / simbool van bevryding (1) / Die skip (1) is simbool van vryheid (1) / Hy's spyt Maska het hom weggehou van die Pictor en sy vryheid. (2)

7.13 Ja. Hulle paaie kruis op gepaste tye dat 'n mens dit nie net as toevallig kan afmaak nie.

**OF**

Nee. Hulle ontmoetings was toevallig / Olifante het nie mistieke kragte nie.
Motivering tel 2 punte. (2)
**[25]**

## VRAAG 8
### *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

8.1 Selling. (1)

8.2 Hulle wil hulle bymekaar bring sodat hulle kan paar. (2)

8.3 Pollie. (1)

8.4 Hy weet hulle kom Fiela seermaak oor Benjamin. (1)

8.5 Dit is voor-die-hand-liggend dat sy wil hê hulle moet broei / Fiela weet die lange ken die antwoord. (1)

8.6 Die lange groet mildelik.
Die dikke lyk skuldig. (2)

8.7 Die lange. (1)

8.8 Atta. Dit is die aanspreekvorm vir 'n Kleurlingvrou. In die apartheidsjare het witmense met hierdie benaming op bruin mense "getrap". (2)

8.9 Barta. / Elias se vrou / Die vrou wat gesê het Benjamin is haar kind. (1)

8.10 Nee. (1)

8.11 Woensdag. (1)

8.12 Hy is sieklik en kan nie meer harde werk doen nie. / Hy is sieklik. / Kan nie meer hard werk nie / Ly aan siekte. / Na gevangenis het hy nie meer krag nie. (1)

8.13 Moedeloosheid/magteloosheid. / Bevrees / bang / verslaentheid / angsbevange. (1)

8.14 Sy weet dit gaan oor Benjamin. / Sy weet waaroor dit gaan (1) / Sy's bang vir wat voorlê. (2)

8.15 Die boswagter het kom vertel dat 'n kindergeraamte gevind is. (2)

| | | |
|---|---|---|
| 8.16 | Fiela. Sy is lief vir Benjamin en gaan hom nou verloor. | (2) |
| 8.17 | Tweede keer. | (1) |
| 8.18 | Die lange wil hê Benjamin moet na die magistraat toe gaan in Knysna en Fiela sê die bosvrou kan op Wolwekraal kom kyk hoe hy lyk. | (2) **[25]** |

## VRAAG 9
## *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Arthur moet vir David 'n betrekking kry in die staatsdiens. | (1) |
| 9.2 | Die grondeienaars het hom gesteun en sy familie was oud en gesiene mense. | (2) |
| 9.3 | Sy spot. | (1) |
| 9.4 | Invloed/familiebetrekking/rykdom/status/ (enige een). | (1) |
| 9.5 | Haar kennismaking en bewuswording van die armoede en ellende van die Ierse boerevolk en haar pogings om hulle lot te verlig. | (2) |
| 9.6 | Hy word ter dood veroordeel aan die einde van die verhaal omdat hy meegedoen het aan die opstand. | (2) |
| 9.7 | Jammerte. | (1) |
| 9.8 | Verontwaardig/foei. | (1) |
| 9.9 | Ja. Hy is eensaam.<br>OF: Nee. Ouderdom behoort nie 'n bepaling te wees vir trou nie. | (2) |
| 9.10 | Figuurlik. Slang wys hier na die vyand. | (2) |
| 9.11 | David het wapens gesteel toe hy in hegtenis geneem en ter dood veroordeel is. | (2) |
| 9.12 | Sir Thomas Walsingham. | (1) |
| 9.13.1 | Luimig. | (1) |
| 9.13.2 | "laggend". | (1) |
| 9.14.1 | voorregte/regte/menswaardigheid/erkenning. | (1) |
| 9.14.2 | Die boerevolk veg vir hul vryheid en regte terwyl die grondeienaars wil veg vir die behoud van hul sinledige leefwyse en besittings. | (2) |
| 9.15 | Die stryd strek veel dieper: onderdrukking van menseregte/ erkenning van menswaardigheid. | (2) **[25]** |

## VRAAG 10

***TOORBERG*** – Etienne van Heerden

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Sy spore in die fyntuin | (1) |
| 10.2 | Druppeltjie du Pisani | (1) |
| 10.3 | Waterwyser du Pisani<br>Druppeltjie du Pisani | (2) |
| 10.4 | Sy haal die dagboek uit.<br>Sy bêre die dagboek. | (1)<br>(1) |
| 10.5 | Druppeltjie se dood | (1) |
| 10.6 | Dat hy onvrugbaar is | (1) |
| 10.7 | Omdat hulle tot vyandige families behoort | (1) |
| 10.8 | Albei het die vlek van onvrugbaarheid | (1) |
| 10.9 | Waarskynlik | (1) |
| 10.10 | Niks/hy is so gebore. | (1) |
| 10.11 | Hy doen daagliks oefeninge. | (1) |
| 10.12 | Rook sigare<br>Drink whisky | (2) |
| 10.13 | Die hoë plafon/die diep kelder/die steil solder (enige 2) | (2) |
| 10.14 | Om te sien wat van Abel geword het. | (2) |
| 10.15 | Sy gee Tillie daggatee, 'n raat wat die Slams haar gegee het. | (2) |
| 10.16 | Girts | (1) |
| 10.17 | Hy stuur 'n seuntjie met 'n boodskap. | (1) |
| 10.18 | Nee. DwarsAbel het hom weggejaag. | (2)<br>**[25]** |

## PARAGRAAFTIPE VRAE

### VRAAG 11
***KRINGE IN 'N BOS*** – Dalene Matthee

11.1 Saul glo nie aan allerhande bygelowe nie en twyfel ook aan baie van die gebruike en opvattings van die Bosmense. Omdat hy hul leefwyse bevraagteken kom hy daaroor in botsing met Jozef en sy pa. Dit was vir hom iets verskriklik toe die groot kalander afgekap word, maar nog erger toe sy pa hom verplig het om te kom kap aan die kalander. Saul was ook teleurgesteld toe MacDonald sy pa verneuk met die dwarslêers. Omdat hy met sy pa daaroor geredekawel het, het hy weer 'n pak slae gekry. Joram Barnard jaag vir Saul weg, toe Saul sy teenkanting uitspreek teen die skiet van olifante vir hul tande.

Saul se bewaringsbewustheid en liefde vir die Bos het gelei tot konflik tussen hom en die ander houtkappers in die Bos. Die houtkappers is besig om die Bos uit te roei en Saul is die enigste houtkapper wat kan insien dat die Bos erg verniel word en nie altyd sal kan hou nie. Hy word verwyt en geïsoleer as opstandeling en verraaier.

Saul tree op as bewaarder van die Bos. Hy het hardhandig teenoor die delwers opgetree wat die Bos vernietig het. Uit die delwers se vrees vir Saul kan afgelei word dat hy respek ingeboesem het. Saul het telkens korrek opgetree. Hy het simpatiek gestaan teenoor die Bos en die olifante, terwyl die houtkappers en die delwers nie die Bos ontsien het nie. (15)

11.2 Die mens en die natuur staan in noue verband met mekaar. Die houtkappers het die Bos nodig vir hul eie voortbestaan, maar hulle besef nie dat hulle die Bos uitroei nie. Hulle kap bome af omdat hulle voorouers dit gedoen het en is nie bereid om iets anders te doen om hulle lewens te verbeter nie. Groot druk word deur die houtkopers op hulle uitgeoefen om al hoe meer bome af te kap. Dit ontstel Saul dat die houtkappers aanhou die Bos uitroei en olifante skiet vir 'n "goodfor". Die Bos en die olifante moet boet omdat die houtkappers nie die waarde van hul arbeid ken nie.

Toe die delwers aankom, het hulle hul gevestig in die Bos en op hierdie wyse die vernietiging voortgesit wat deur die houtkappers begin is. Die hordes delwers was baie erger as die houtkappers: hulle het nie net groot gedeeltes bos onnodig skoongekap nie, maar het hulle ook skuldig gemaak aan vullishope,rommelstrooiery en onwettige bokstrikke. By Meulbos is die meeste skade aangerig. Waar drie jaar gelede die mooiste Bos gestaan het, is die wêreld nou kaal.

Ons moet waak daarteen dat ons slegs sketse van die natuurlewe sal oorhou as herinnering. (10)

**[25]**

## VRAAG 12
***FIELA SE KIND*** – Dalene Matthee

12.1 Elias is baie lui en soek gedurig verskonings om nie te werk nie. Nadat die olifant hom getrap het en hy al gesond was, het hy voorgegee hy is nog siek en kan nie werk nie. Hy is nie 'n houtkapper soos die ander bosmense nie en maak balke wat hy verkoop. Daar is meer geld in lg. Fiela boer met volstruise en is hart en siel in die boerdery. Sy probeer self die mannetjie en wyfie bymekaar kry met 'n doringtak en sit nie net en kyk hoe die kinders moet help nie. Fiela besef Selling se swakte en verwyt hom nie daarvoor nie, maar spring self in en werk.

Elias is vol planne om ryk te word. Sy lewe draai grootliks om geld. Hy wil 'n boom afsaag waaraan die olifante vashou sodat hulle in die kloof kan afstort sodat hy die kosbare tande kan kry. Aan die olifant self, dink hy nie verder nie. Hy misbruik die kinders om 'n gat vir hom te grawe waarin hy olifante kan vang vir die ivoor. Hy weier om vir hulle die waarheid omtrent die gat te vertel. Aan die einde val 'n olifantkoei hom aan en vermorsel hom byna.

Fiela is 'n diep gelowige mens wat telkens tot God bid. Hoewel sy as bruin vrou onderdanig is aan bv. die sensusmense en die magistraat, skroom sy nie om reguit te praat as sy weet wat die waarheid is nie. Fiela verdien haar geld opreg.

Elias sal altyd graag sy kinders laat werk vir geld. Nina moet kinders gaan oppas. Sy moet self met die balke help. Lukas word ook van die begin af in die werk gesteek. Toe Lukas wegloop, het hy hom aangerand en Nina is telke male geslaan en verneder bv. toe haar hare afgesny is.

Fiela hou van al haar kinders. Hulle help haar met die boerdery, maar dit is nie slawe-arbeid nie. Fiela mishandel nie haar kinders nie en vir Benjamin, omdat hy wit is en sagter is as die bruinmense, is sy vir hom die liefste van almal. Fiela is lief vir haar kinders, sy gee om en dwing die nodige respek by hulle af. Na jare kom Benjamin terug na haar toe.

Kandidaat se eie mening moet gegee word en dit moet gemotiveerd wees. (15)

12.2 Toe Lukas uit die Bos kom, sien hy die verlate skip by Noetzie en hy identifiseer daarmee. Die ooptes was vir hom aanloklik. Hy kan nie weer teruggaan Bos toe nie. Hy bewonder die see en die skepe. Hy het besef hy sal nooit weer Bos toe kan gaan nie.

Hy trek by Kaliel se kothuis in. Hy voel skuldig omdat hy Elias-hulle net so gelos het, maar sus sy gewete; hy sal vir Elias-hulle geld stuur en terselfdertyd vir Nina oppas. Sy kan maar wild wees en moet eintlik opgepas word. Kaliel wys vir hom 'n wêreldkaart wat hom beïndruk. Dit laat 'n nuwe wêreld vir hom oopgaan.

Lukas en Nina probeer hulleself in hierdie tydperk te Knysna vind. Hy besef hy kan nie Lukas wees nie, want hy voel aangetrokke tot haar. Sy is ook verlief op hom. Tog haat sy die seevoëls teenoor die bosvoëls, maar bly daar ter wille van Lukas. Sy vertel in die Bos dat hy nooit weer gaan terugkom nie. (10)

**[25]**

## VRAAG 13
***BY FAKKELLIG*** – Karel Schoeman

13.1 O Máille se dood gee aanleiding daartoe dat David al verder weg van sy eie mense beweeg en die wêreld van die Ierse pagters betree. David is verantwoordelik vir O Máille se dood. Na sy dood maak hy vir die eerste keer vriende met die Ierse boere by name Liam O' Neill en Séamas Bán. Liam help hom deur van die lyk ontslae te raak en hom na die huis van Séamas Bán te neem. Hier ontvang hy 'n uitnodiging dat hy enige tyd welkom is by Liam en Séamas Bán.

Deur sy gesprekke met Liam, Séamas en Vader O Floinn by Ard na Croise raak David gaandeweg al hoe meer bewus van die Ierse boere om hom: vir die eerste keer raak hy emosioneel betrokke by sy medemens: hul swaarkry en armoede. Hy beweeg geleidelik nader aan die Iere en probeer hul sienswyse begryp. Hy raak bewus van hulle verwagting, hoop en drome. Deur middel van rewolusionêre boeke en gesprekke word hy ook bekend gestel aan rewolusionêre idees, die opstandsgedagte en daadwerklike optrede.

Vir David is die Katolieke Middernagmis 'n unieke ervaring. Hy herken feitlik nie die gewone boerevolk nie en hulle verkry 'n soort waardigheid en skoonheid. Hulle opregtheid en eenvoudigheid ontroer hom en hy voel dat alles besig is om vir hom te verander.

David se inwyding by die Ierse leefwyse is suksesvol soos blyk uit sy optrede aan die einde van die verhaal ten gunste van die Iere se saak. (15)

13.2 Die Ierse Boerevolk leef in uiters armoedige toestande: vervalle vensterlose hutjies, modderige paaie, krotjies, mense met gebarste hande en kaal voete en skouerblaaie wat uitsteek deur 'n geskeurde hemp. Op die gebied van godsdiens en onderwys word hulle regte ernstig misken. Die Ierse kinders is Katoliek en daar is geen skool of universiteit wat vir hulle oopstaan nie. Hul taal word verag en hul godsdiens is amptelik verbode. Hulle het geen politieke voorregte en geen reg op grondbesit nie. Hulle het geen seggenskap in die bestuur en die wette waaronder hulle moet leef nie. Hulle leef onder geweldige beperkings en word bloot geduld deur hulle Engelse eienaars.

Die grondeienaars is ryk en verwyl hul tyd met bals, jag, perdry, whisky drink en leë gesprekke. Hulle het die mag en geld en invloed; die leër, hul eie predikante, onderwysers en magistrate, en hul staatsdiens en parlement. Hulle beheer en oorheers die Ierse boerevolk, daarom is hulle onrustig oor die oproerigheid onder die Ierse pagters wat deur die rewolusie in Frankryk aangewakker is.

Daar is nie veel ooreenkomste met die huidige Suid-Afrika nie; wel met die ou bedeling.

(Hier kan kandidate hul eie mening gee oor moontlike ooreenkomste bv. taalkwessies van verskillende volkere, twyfelagtige beleidsrigtings, in verband met godsdiens.) (10)

**[25]**

## VRAAG 14
***TOORBERG*** – Etienne van Heerden

14.1 Daar is die Moolmans en die Skaamfamilie. Die Moolmans besit die plaas, Toorberg. Die hele Abelgeslag vanaf StamAbel tot by Abel hoort hier. Hulle is baie trotse mense en besit baie. Hulle is selfs te trots om te deel. Hierdie trots is ook hulle "sonde"(skuld). Hulle is verder onverdraagsaam. Floors Moolman is na sy ontug nie op Toorberg geduld nie. De la Rey word as swakkeling gesien en verbeur sy erfreg. Posmeester trou met 'n Katolieke meisie en word verstoot. Uit die aard van die saak verwerp hulle die Skaamfamilie.

In die Stiefveld woon die Skaamfamilie. Hulle word verwerp omdat hulle bruin is. Hulle geniet wel kragtens die testament vruggebruik van die plaas, Toorberg.

Hoofsaaklik is dit Kaatjie Danster wat uitstaan. Haar man was Andries Riet. Hulle is armoedig, moet hard werk. Kaatjie moet maandeliks te voet Halte toe gaan om haar pensioen te kry. Shala pas bokke op; hy is onvrugbaar (die teenpool van DwarsAbel in die Moolmanfamilie). Oneday word pastoor en verkondig 'n bervrydingsteologie aan die swart mense. Ander karakters: James Read, HansBoesman, Jan Swaat en ouma Kittie Riet.

Kandidate moet eie mening lug. Hulle keuse moet getuig van kennis van die roman. (10)

14.2 Daar heers groot droogte op Toorberg. Dit is die gevolg van die Moolmans se "sonde": onverdraagsaamheid en trots. Daar is al talle boorgate sonder sukses gesink. Die boormasjien is deurgaans besig om te boor. Ons lees ook van die geoloog wat Abel bystaan om te help water soek op die plaas.

Waterwyser is boorman en waterwyser. Hy is aktief besig in hierdie kontrei sedert die droogte. Hy het 'n besondere aanvoeling vir water en doen dit met 'n wilgerloot. Wilgerbome en water is sinoniem.

As gevolg van Kêns Tillie se opdringerigheid aan hom, het hulle saam die buite-egtelike kind, Druppetjie du Pisani, verstandelik vertraag. Sy naam dui al op water. Vir 7 maande na sy geboorte het daar konstant 'n druppeltjie aan sy linkerwang gesit.

Hy kon water aanvoel selfs honderd voet onder die grond. Van kleins af het hy graag in boorgate afgekyk en het graag onder wilgerbome gespeel. Hy is die kind van die weemoed genoem. Uiteindelik is hy dood in 'n boorgat.

Na Abel se offerdood, het dit gereën en daar het uitkoms vir die mense gekom. Toorberg is verlos van die trotse Moolmans omdat na Abel daar geen ware Moolman meer oor was nie. (15)

**[25]**

**TOTAAL: 75**

## AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG

## NASIENTABEL VIR LANGER OPDRAGTE
## LITERATUURSTUDIE VRAESTEL 2

INHOUD

TAAL EN STYL

| 20<br>15<br>10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **RYK** | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| **VOLLEDIG** | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| **GOED** | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| **GEMIDDELD** | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| **ONDERGEMIDDELD** | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| **SKRAAL** | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| **ARM** | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| A. RYK (R)<br>1. Besondere insig<br>2. Sterk oortuigingskrag<br>3. Uitstekend inhoud-beheer<br>4. Deeglike begrip en interpretasie<br>5. Interessante, sistematiese en logiese beplanning<br>6. Vraag en antwoord sluit<br>7. Vraag voortdurend in fokus | 1. SKITTEREND (S)<br>1. Korrekte, funksionele lees- en skryftekengebruik<br>2. Korrekte, funksionele gebruik van literêre terminologie<br>3. Oorspronklike taal en styl<br>4. Afrikaanse idioom<br>5. Keurige taalaanwending |
| B. VOLLEDIG (V)<br>1. Besondere insig<br>2. Oortuigingskrag baie goed<br>3. Inhoud weldeurdag<br>4. Duidelike begrip en interpretasie<br>5. Interessante, logiese beplanning<br>6. Enkele inhoudsgedeeltes ontbreek<br>7. Vraag en antwoord sluit<br>8. Vraag in fokus | 2. BAIE GOED (BG)<br>1. Klein gebreke in lees- en skryftekengebruik<br>2. Goeie styl<br>3. Keurige taalaanwending - klein foutjies |
| C. GOED (GO)<br>1. Meer gebreke<br>2. Oortuig minder<br>3. Feite nie volledig nie<br>4. Aanbieding plek-plek nie logies nie<br>5. Vraag en antwoord sluit plek-plek nie<br>6. Vraag nie voortdurend in fokus nie. | 3. GOED (GO)<br>1. Meer gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik<br>2. Taal en styl begin lomp vertoon<br>3. Taalaanwending toon tekens van slordigheid |
| D. GEMIDDELD (GE)<br>1 Baie gebreke<br>2. Oortuig soms glad nie<br>3. Helfte van feite<br>4. Belangrike feite ontbreek<br>5. Interpretasie gewoon<br>6 Aanbieding nie logies nie<br>7 Vraag en antwoord sluit dikwels nie | 4. GEMIDDELD (GE)<br>1. Nog meer gebreke t.o.v. lees en skryftekengebruik<br>2. Taal en styl vertoon lomp<br>3. Taalaanwending is slordig |
| E. ONDERGEMIDDELD (OG)<br>1. Baie meer gebreke<br>2. Oortuig gedeeltelik<br>3 Belangrike feite weggelaat<br>4. Interpretasie oortuig nie<br>5 Aanbieding lomp<br>6. Vraag en antwoord sluit hier en daar<br>7 Vraag net in enkele gevalle in focus | 5. REDELIK (RE)<br>1. Ernstige gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik<br>2. Sinsbou swak<br>3. Taalaanwending slordig<br>4. Slaag soms net |
| F SKRAAL (SK)<br>1. Kandidate druip<br>2. Vol gebreke<br>3 Oortuig glad nie<br>4 Geen insig nie<br>5 Onbelangrike feite oorheersend<br>6 Interpretasie swak<br>7 Aanbieding deurgaans lomp<br>8 Vraag en antwoord sluit glad nie | 6. SWAK (SW)<br>1. Skryf- en leestekengebruik beroerd<br>2. Sinsbou swak<br>3. Taalaanwending slordig |
| G ARM (A)<br>1 Druip ver<br>2. Geen insig<br>3 Weinig kennis<br>4. Interpretasie<br>5 Aanbieding onlogies en verward<br>6 Vraag glad nie beantwoord nie | 7. BAIE SWAK (BS)<br>1. Kennis in gebruik van skryf- en leestekengebruik bestaan nie<br>2. Taalgebruik uiters swak |